


Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

*Kurrikulum- en
assesseringsbeleidsverklaring*



*Verdere Onderwys- en Opleidingsfase
Graad 10-12*



DISCLAIMER

In view of the stringent time requirements encountered by the Department of Basic Education to effect the necessary editorial changes and layout adjustments to the KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING s and the supplementary policy documents, possible errors may have occurred in the said documents placed on the official departmental website.

If any editorial, layout, INHOUD, terminology or formulae inconsistencies are detected, the user is kindly requested to bring this to the attention of the Department of Basic Education. E-mail: KABVcomments@dbe.gov.za or fax (012) 328 9828

Departement van Basiese Onderrig

Strubenstraat 222

Privaatsak X895

Pretoria 0001

Suid-Afrika

Tel: +27 12 357 3000

Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023

Kaapstad 8000

Suid-Afrika

Tel: +27 21 465 1701

Faks: +27 21 461 8110

Webtuiste: <http://www.education.gov.za>

© 2016 Departement van Basiese Onderwys

ISBN: xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

**KURRIKULUM-EN-
ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
(KABV)
GRAAD 10 – 12
ELEKTRIESE TEGNOLOGIE**



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
- Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- 'n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was 'n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik dié vir Graad R-9 en Graad 10-12 in 'n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, geamalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is 'n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

- (a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;
- (b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP

MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS

INHOUD

	AFDELING 1	5
1.1	Agtergrond	5
1.2	Oorsig	5
1.3	Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum	6
1.4	Tydstoekenning	7
1.4.1	Grondslagfase	7
1.4.2	Intermediêre Fase	8
1.4.3	Senior Fase	8
1.4.4	Verdere onderwys- en opleidingsfase	9
	AFDELING 2	10
2.1	Wat is Elektriese Tegnologie?	10
2.1.1	Elektries (Swaarstroom)	10
2.1.2	Elektronies	10
2.1.3	Digitale Elektronika	11
2.2	Spesifieke Doelstellings	11
2.3	Vereistes vir die aanbod van Elektriese Tegnologie	12
2.3.1	Vakkeuses vir leerlinge in Elektriese Tegnologie.	12
2.3.2	Menslike Hulpbronne	13
2.3.3	Toegeruste Werkswinkel	13
2.3.4	Volhoubare Ondersteuning	14
2.4	Beroepsgeleenthede	15
	AFDELING 3	17
3.1	Inhoudsraamwerk per kwartaal: Elektries	20
3.1.1	Elektries: Graad 10	20
3.1.2	Elektries: Graad 12	47
3.2	Vakinhoudsraamwerk per Kwartaal: Elektronies	56
3.2.1	Elektronies: Graad 10	56
3.3	Vakinhoudsraamwerk per Kwartaal: Digitaal	90
3.3.1	Digitaal: Graad 10	90
3.3.2	Digitaal: Graad 12	119

	AFDELING 4	126
4.1	Inleiding	126
4.2	Informele of daaglikse assessering (assessering vir onderrig)	126
4.3	Formele assessering (assessering van onderrig)	127
4.3.1	Formele assesseringsvereistes	127
4.4	Projekte	128
4.5	Assessering	129
4.5.1	Assesseringsprogram	129
4.5.2	Toetse	130
4.5.3	Eksamens	130
4.6	Rekordhouding	132
4.7	Rapportering	132
4.8	Moderering van assessering	133
4.8.1	PAT-moderering	133
4.8.2	SGA moderering	133
4.9	Praktiese Assesseringstaak (PAT)	135
4.10	Progressie / Promosie	136
4.11	Algemeen	136

AFDELING 1

INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

1.2 Oorsig

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:
- (i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;
 - (ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
 - (iii) Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012).
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:
- (i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en
 - (ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 17 Mei 2005.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrafe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)*, gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:
- (i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
 - (ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124*, in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;
 - (iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;
 - (iv) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoefte*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

- (m) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument*, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot die Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.
- (d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12*. Die uitkomst en standaard wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomst en standaard, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begroede kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:
- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
 - om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
 - om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
 - om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.
- (c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:
- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
 - *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en nie-kritiese leer van gegewe waarhede;
 - *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaard vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;
 - *Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse;
 - *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
 - *Waardering vir inheemse kennisisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
 - *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

- (d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:
- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
 - werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
 - organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
 - versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
 - kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
 - gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
 - begryp die wêreld as 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.
- (e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiering te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010)*.

1.4 Tydstoekenning

1.4.1 Grondslagfase

- (a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

VAK	GRAAD R (UUR)	GRAAD 1-2 (UUR)	GRAAD 3 (UUR)
Huistaal	10	8/7	8/7
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede	6	6	7
• Aanvangskennis	(1)	(1)	(2)
• Skeppende Kunste	(2)	(2)	(2)
• Liggaamlike Opvoeding	(2)	(2)	(2)
• Persoonlike en Sosiale			
Welsyn	(1)	(1)	(1)
TOTAAL	23	23	25

- (b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.
- (c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

- (d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

1.4.2 Intermediêre Fase

- (a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede	4
• Skeppende Kunste	(1,5)
• Liggaamlike Opvoeding	(1)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1,5)
TOTAAL	27,5

1.4.3 Senior Fase

- (a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
TOTAAL	27,5

1.4.4 Verdere onderwys- en opleidingsfase

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

VAK	TYDSTOEKENING PER WEEK (UUR)
Huistaal	4,5
Eerste Addisionele Taal	4,5
Wiskunde	4,5
Lewensoriëntering	2
Enige drie keusevakke uit Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8) van die beleidsdokument, <i>Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12</i> , onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in paragraaf 28 van die genoemde beleidsdokument.	12 (3 x 4 uur)
TOTAAL	27,5

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die

Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

AFDELING 2**ELEKTRIESE TEGNOLOGIE****2.1 Wat is Elektriese Tegnologie?**

Elektriese Tegnologie fokus op die begrip en toepassing van elektroniese en elektriese beginsels. Die vak het drie hooffokusareas naamlik

- Elektries (Swaarstroom)
- Elektronika
- Digitale Elektronika

Die spesialisasies word hieronder in konteks beskryf.

2.1.1 Elektries (Swaarstroom)

Swaarstroom sluit in toepassings van elektrisiteit in industries waar hooffoergerbuik word in verskeie toepassings. In Graad 10 word die leerling aan gelykstrom (GS) en huishoudelike installasies bekend gestel. Die kringe, soortgelyk aan tipies Suid Afrikaanse wonings, soos vereis deur die SANS 10142, vorm die oorgrote meerderheid van dië kurrikulum .

In Graad 11 word die leerling aan ligte industriële enkelfase toepassings bekendgestel, insluitend motors en transformators. Programmeerbare Logika Beheerders (PLB) word in Graad 11 behandel en word voortgesit in Graad 12.

Elektriese Tegnologie in Graad 12 konsentreer rondom die opwekking, verspreiding en toepassing van driefase wisselstroom in motors en transformators, sowel as PLB beheer. Na voltooiing van die swaarstroom spesialisering in Elektriese Tegnologie, behoort 'n leerling oor genoeg kennis, met betrekking tot swaarstroom toepassings, te beskik in enkel en driefase wisselstroom. Dit sluit installasies vanaf die verskaffer tot die verbruiker in met inagnam van huishoudelike, ligte-, swaar-industriële motors asook beheer daarvan.

'n Leerling in Elektriese Tegnologie kan kies om elektrisiën te word in die vervaardigingssektor, met 'n fokus op onderhoud en hestelwerk, of hy/sy kan fokus op elektriese installasies en masjinerie. Vir verdere opleiding sal 'n leerling 'n vakleerlingskap in plaaslike industrie kan volg. Tersiëre studie kan ook gevolg word aan 'n universiteit deur leerlinge wat voldoen aan die vereiste vakkombinasies.

2.1.2 Elektronies

Elektronika as spesialisering in Elektriese Tegnologie stel die leerling bekend aan analoog elektronika met toepassings in ligte stroom. In Graad 10 word die leerling blootgestel aan die beginsels van elektrisiteit en stroomvloeï.

In Graad 11 ontdek die leerling diskrete elektronika deur die bestudering van halfgegeleiertoestelle en hul onderskeie toepassings. Die leerling ontdek instrumentasie en hoe om lesings te neem sodat gevolgtrekkings gemaak kan word op grond van waarneming.

Tydens Graad 12 word die leerling aan geïntegreerde kringe blootgestel waardeur getoon word hoe eenvoudige kringe gekombineer word om meer komplekse kringe te vorm vir die doel om kommunikasie en beheer te bewerkstellig. 'n Leerling in Elektriese Tegnologie wat spesialiseer in Elektronika is in staat om probleme op te los deur elektroniese toepassings in die vorm van bestaande kringe te verander en aan te pas. Die leering sal in staat wees om elektroniese kringe te toets en in werking te stel.

So 'n leerling sal gewoonlik 'n loopbaan in ligte stoom, instrumentasie of kommunikasie volg en kan selfs die vermaaklikheidsbedryf betree. Om 'n vakman te word, moet 'n leerling verdere studie by 'n VOO kollege, tesame met 'n vakleerlingskap in die toepaslike industrie oorweeg. Indien die leerling die korrekte vakkombinasies neem sal hy/sy 'n elektroniese tegnikus / tegnoloog of self ingenieurswese aan 'n universiteit kan bestudeer.

2.1.3 Digitale Elektronika

'n Leerling wat Digitale Elektronika neem toon 'n sterk belangstelling in rekenaars, programmeerbare GSe, Boole Algebra, mikrobeheerders, stelsel beheer, prosesserders en programmering. In Graad 10 word 'n leerling bekendgestel aan die beginsels van elektrisiteit en elektronika, soorgelyk aan die elektronika leerling.

In Graad 11 skuif die fokus na Digitale Elektronika en Boole Algebra. Die leerling word ook aan kommunikasiestelsels blootgestel as 'n hoeksteen van digitale stelsels onder andere. Terselfdertyd word die leerling aan 'n paar aspekte van motors en beheer blootgestel deur die toepassing van onder andere pulswydtemodulasie, wat op sy beurt die wereld van robotika, koppelvlakstelsels en mechatronika ontsluit.

In Graad 12 word 'n leerling geïntereerd in "intelligente" mikroskyfies. In hierdie geval word die leerling gewys hoe om mikroskyfies te programmeer om sodoende oplossings volgens behoefte te ontwikkel. Die leerling word in staat gestel om basiese robotika en mechatronika te ondersoek wat op sy beurt weer die grondlegging vir 'n loopbaan in industriële elektronika en beheer doen.

Die Digitale Elektroniese leerling behoort 'n ingenieursloopbaan aan 'n universiteit na te jaag deur direk na skool, met die korrekte vakkombinasies vir toelating, te gaan studeer. Toeganklike loopbane vir hierdie leerling sluit in digitale ingenieurswese, vervaardigingstelselontwerp, informasie tegnologie en programmering en selfs die film industries waar robotika en spesiale effekte in rekenaargrafika en vlakkoppeling toegepas word. Verdere studies aan 'n universiteit bring die leerling, met die korrekte vakkombinasies, nader aan 'n loopbaan as elektroniese tegnikus / tegnoloog of elektroniese ingenieur

2.2 Spesifieke Doelstellings

Elektriese Tegnologie as geheel stel dit ten doel om die leerling deeglik te onderlê in elektriese, elektroniese en digitale beginsels.

Deur die geïntegreerde voltooiing van teorie tesame met praktiese assesseringstake (PAT) asook simulاسies (nabootsings) word die volgende vaardighede ontwikkel:

- Veilige werksprosedures
- Goeie huishouding
- Eerstehulppraktyke
- Lees en interpretasie van kringdiagramme van simbool tot toepassing
- Verkryging van komponente
- Bou van kringbane
- Installasie, toets en foutsporing van kringbane
- Neem van lesings
- Werkswinkelpraktyk

Kennis van vakbeginsels tesame met toegepaste vaardighede rus die Elektriese Tegnologie leerling toe met unieke vaardighede wat haar / hom uitsonder tussen ander leerlinge. Industrieë, tersiëre instellings en entrepreneurs vind hierdie unieke vaardighede gesog en sulke leerlinge word daardeur bevoordeel.

Die doelwit van die vak is om die vaardigheidsvlakke van leerlinge in Graad 10-12 so te ontwikkel dat hulle die werksplek so gou moontlik kan betree.

2.3 Vereistes vir die aanbod van Elektriese Tegnologie

Skole wat Elektriese Tegnologie as vak aan leerlinge wil bied moet die volgende oorwegings vir die suksesvolle implementering daarvan in ag neem.

Elektriese Tegnologie as vak laat drie spesialisingsvelde toe. 'n Skool kan oorweeg om meer as een spesialisingsveld aan te bied maar moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Kan die onderwyser/s die gekose spesialisareas aanbied?
- Maak die werkwinkeluitleg voorsiening vir al die spesialisingsvelde?
- Kan die skoolrooster die verskillende vakgroepe hanteer?
- Skole wat meer as een spesialisering aanbied mag nie groepe meng nie.

2.3.1 Vakkeuses vir leerlinge in Elektriese Tegnologie.

Leerlinge wat Elektriese Tegnologie wil neem kan uit die volgende kombinasies hul vakkeuse saamstel:

Vakkeuse 1	Vakkeuse 2
Wiskunde	Tegniese Wiskunde
Fisiese Wetenskap	Tegniese Wetenskap
Elektriese Tegnologie	Elektriese Tegnologie
Ingeneursgrafika- en Ontwerp	Ingeneursgrafika- en Ontwerp

Skole moet kennis neem van die moontlike kombinasies van Wiskunde, Tegniese Wiskunde, Fisiese Wetenskap asook Tegniese Wetenskap. 'n Leerling kan verder ook 'n bykomende agste en selfs negende vak neem. Vakke wat 'n sterk aansluiting met Elektriese Tegnologie bied sluit in:

- Rekenaartoeëpassingstegnologie
- Informatietegnologie
- Meganiese tegnologie

Voor hierdie opsie egter uitgeoefen word moet die skoolbestuurspan van die volgende vereistes kennis neem:

- Toeganklikheid van bronne by die skool
- Beskikbaarheid van 'n onderwyser om die vak buite normale kontaktyd aan te bied
- Nakoming van al die assesseringsvereistes ten opsigte van SGA en PAT
- 'n Leerling moet die vak neem van Graad 10 tot 12 en nie slegs in Graad 12 nie.

2.3.2 Menslike Hulpbronne

Elektriese Tegnologie vereis 'n opgeleide vakspesialis. Voorkeur word gegee aan vakmanne / tegnisi of tegnisi opgeleide onderwysers met 'n Elektries/Elektronies/ Digitale agtergrond. Industrie ervaring en werkwinkelbestuursvaardighede is noodsaaklik en 'n tersiëre kwalifikasie in tegniese onderwys word benodig.

Elektriese Tegnologie onderwysers moet:

- Die vak aanbied met selfvertroue en styl
- Leerlinginteraksie moet ontspanne maar ferm wees
- Werkswinkel aankope, begroting en veiligheidsbestuur hanteer.
- Die onderwysmilieu bestuur
- Voorraadopname doen en 'n voorraadsregister byhou.
- Beplan vir praktiese sessies
- Beplan vir teorieklasse
- Weeklikse praktiese sessies uitvoer
- Die werkwinkel as geheel diens en onderhou
- Onderhoud en diens van gereedskap en instrumente uitvoer
- Leerlingveiligheid verseker
- Werkende PAT projekte tesame met leerlinge produseer
- Skoolgebaseerde Assessering(SGA) toepas
- Innoverende metodes implementeer om die vak interessant vir leerlinge te maak
- Selfgemotiveerd wees en haar/homself op die voorpunt van nuwe tegnologiese ontwikkelinge in die vak te hou
- Gereeld vaardigheidsslypingswerkwinkels bywoon

2.3.3 Toegeruste Werkswinkel

Elektriese Tegnologie kan nie op skoolvlak sonder die aanwesigheid van 'n goedtoegeruste werkwinkel aangebied word nie. 'n Driefase vierdraadtoevoer word vir die elektriese werkwinkel benodig. Genoegsame beligting en ventilasie is van uiterste belang en 'n werkwinkel behoort veelvuldige uitgange te hê wat uitwaarts oopmaak. Vensterpanele moet geïnstalleer wees en stukkende vensters moet vervang word.

Daar moet genoegsame stoor spasie vir toerusting en gereedskap wees en die werkwinkel moet 'n goedontwikkelde voorraadstelsel insluit waarvan die voorraad register op datum is. Rakke moet duidelik gemerk wees en stoor spasies moet duidelik aangetoon word.

Vloere moet korrek gemerk word en alle areas moet netjies uiteengesit word met groen, geel en swart vloerverf volgens industriële standaarde. Geen matte of nylonvloere word toegelaat nie as gevolg van statiese elektrisiteitontladinge. Rubbermatte moet geplaas word in areas waar leerlinge op hooftoevoer installasies, wat aangeskakel gaan word, werk.

Mure moet vakspesifieke plakate insluit en 'n toegewysde afdeling vir die uitstal van leerlinge se projekte moet duidelik sigbaar wees.

Goeie huishoudingsbeginsels vereis dat alle werkwinkels gereeld skoongemaak moet word. Toepaslike vullis verwydering moet in plek wees om afvalmateriaal asook chemiese afval te hanteer. Die Beroepsgesondheids- en Veiligheidswet Wet 85 van 1993 moet ten alle tye van toepassing wees.

'n Werkswinkelassistent vir die Elektriese Tegnologie werkwinkel word benodig om die werkwinkel te diens. Die doel van hierdie assistent is om voorkomende onderhoud, onderhoud, opgradering, diens en herstel van toestelle in samewerking met die vakonderwyser.

Die werkwinkelassistent word benodig om te help met die veilige voorbereiding van praktiese sessies ten opsigte van die uitdeel van toerusting en gereedskap, hou van 'n register van alle toerusting en die uitvoer van gereelde voorraadopnames onder toesig van die onderwyser.

'n Assistent in die Elektriese Tegnologie Werkswinkel moet tegnies opgelei wees in swaarstroom / elektronika / digitale elektronika. Dit sal afhang van die spesialisering by die betrokke skool. Die assistent moet ook 'n deeglik werkende kennis van die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid ten opsigte van veiligheid besit.

Tafels, werksbanke en masjinerie op standers moet permanent aan die vloer geheg wees met 'n isoleringsskakelaar vir die hooftoevoer. Alle masjinerie moet werkende skerms, aangeheg daartoe, insluit.

Elektriese motors behoort helder oranje geverf te word. Spesifikasie plaatjies moet duidelik leesbaar wees.

Die werkwinkel moet 'n sluitbare hoofverdeelbord insluit. Die werkwinkel moet met 'n maklik bereikbare noodstopskakelaar toegerus wees. Die rooi sampioen-tipe noodskakelaar (verkieslike die sluitte) moet so geplaas word dat die hooftoevoer nie per abuis her-aangeskakel word in 'n noodgeval nie.

Geen leerling word toegelaat om aan 'n lewendige installasie te werk sonder toesig van die onderwyser nie. Sulke installasies mag slegs aangeskakel word na voltooiing en toetsing daarvan.

Slegs die onderwyser word toegelaat om die hooftoevoer na opleidings en toetsings installasies aan te skakel, en dit mag slegs plaasvind nadat die onderwyser haar / homself vergewis het dat die installasie / toets / simulatie veilig is om aangeskakel te word.

2.3.4 Volhoubare Ondersteuning

Elektriese Tegnologie is 'n vak wat volhoubare rugsteun vereis. Die Elektriese Tegnologie werkwinkel vereis dat voorraad vir praktiese werk en onderhoud gereeld aangekoop word. Voorsiening in die vak word onderverdeel in die volgende afdelings:

- Veiligheidstoerusting
- Toerusting en Gereedskap
- Verbruikbare items
- PAT voorraad
- Onderwys en Leer Ondersteuningsvoorraad
- Voorkomende Onderhoud
- Onderhoud

Die skoolbestuurspan (SBS) by skole wat Elektriese Tegnologie aanbied moet kennis neem van die druk wat 'n Elektriese Werkwinkel op die skool se begroting sal plaas.

Terwyl dit algemene praktyk is om 'n werkende begroting vir 'n werkwinkel te implementeer is dit belangrik dat die begroting so saamgestel word dat nie alleenlik die leerlinge se PAT behoeftes aangespreek word nie, maar dat die begroting ook voorsiening sal maak vir die onderwyser om die vervanging en aanvulling van toerusting, gereedskap, verbruikbare voorraad vir demonstrasies en ander praktiese werk soos verlang deur die beleidsdokument te implementeer.

Behalwe hiervoor moet die onderwyser verder toegaat word om onderwyshulpmiddels soos plakate, modelle, voorbeelde, videos, tydskrifte ensomeer aan te skaf.

Voorkomende onderhoud van opleidingstoerusting moet gereeld toegepas word. Voorsiening moet egter gemaak word vir toerusting wat breek, en stukkende toerusting moet nie so gelaat word nie. Vervolgens moet 'n SBS 'n plan in plek stel waardeur stukkende toerusting spoedig afgeskryf word. Oudmodiese en onvanpaste toerusting en gereedskap moet vervang word.

2.4 Beroepsgeleenthede

Elektriese Tegnologie ontsluit nuwe horisonne vir enige leerling in die vak. Weens die aard van Elektriese Tegnologie is dit relatief goedkoop vir individue om 'n Elektriese / Elektroniese / Digitale werkwinkel aanthuis te begin, hetsy vir die doel om 'n besigheid te begin, of om 'n stokperdjie vir eie gewin te beoefen.

Leerlinge kan later beroepe volg wat nie tegnies van aard is nie en hulle sal steeds die Elektriese Tegnologie kennis en vaardighede wat in verkry is kan toepas vir selfonderrig en die beoefening van elektriese tegnieke.

Leerlinge met Elektriese Tegnologie kan van die volgende studie geleentheid gebruik maak:

- Vakleerlingskap om 'n vakman te word
- Studeer by 'n kollege in die Nasionale Kurrikulum vir Beroepsgerige Onderrig
- Inskakel by hoër onderwys aan 'n universiteit van Tegnologie of Universiteit
- Die beroepswêreld as entrepreneur betree of vir een gaan werk
- Tegniese Hoër Onderwys betree en as tegniese onderwyser gaan studeer

Vele beroeps- en lewenservaringsgeleenthede bestaan vir leerlinge met 'n basiese onderrig in Elektriese Tegnologie wat onder andere die volgende insluit:

- Elektriese passer
- Elektries of elektroniese ingenieur
- Elektriese tekenaar
- Elektries of elektroniese tegnikus
- Elektries of elektroniese tegnoloog
- Digitale / Sagteware ingenieur
- Akademikus in die Elektriese Tegnologie veld
- Elektroniese meganikus
- Auto-elektrisiën
- Elektrisiën
- Radio Tegnikus
- Selfoontegnikus
- Kommunikasietegnikus
- PLB Programmeringskenner
- Elektroniese Programmerings Ingenieur
- Rekenaartegnikus
- Robotiese Ingenieur

- Megatroniese Tegnikus
- Installasie Elektriesiën
- Radio Amateur
- Elektroniese Entoesias
- Radiobeheer Entoesias
- Produksiebestuurder
- Klank en beligtingstegnikus

AFDELING 3

VAKINHOUDSRAAMWERK

Hieronder word die onderwerpe per graad tesame met 'n kort verduideliking getoon. Neem kennis dat sommige onderwerpe deurgaans van Graad 10 to 12 loop, en toeneem in moeilikheidsgraad jaar na jaar terwyl ander onderwerpe eindig of die basis vorm vir verdere onderwerpe wat later ontwikkel.

Elektries		
Graad 10 Onderwerpe	Graad 11 Onderwerpe	Graad 12 Onderwerpe
Beroepsveiligheid en Gesondheid Verantwoordelikhede, Werkwinkelreëls en Prosedures	Beroepsveiligheid en Gesondheid Bekendstelling van die Beroepsveiligheidswet(BVW), Masjinerie Regulasies en Elektriese Masjinerie Regulasies	Beroepsveiligheid en Gesondheid Die gevolge van die BVW, risiko assessering, menseregte in die werksplek, werksetiese en noodgevalle.
Gereedskap en Meetinstrumente Gereedskap en hoe om dit te gebruik	Gereedskap en Meetinstrumente Meetinstrumente en hoe om dit te gebruik	RLC Die effek van WS op Serie en Parallel RLC kringe
Basiese Beginsels van Elektrisiteit Bekendstelling van elektrisiteit as die kern van die vak	GS Masjiene Bekendstelling van GS masjiene, die samestelling daarvan en die werkbeginsels	Driefase WS Opwekking Drywing in driefase stelsels, meting en berekening
Energiebronne Basiese energiebronne asook die battery en werking daarvan	Enkelfase WS Opwekking Hoe elektrisiteit opgewek word	Driefase Transformators Werksbeginsels, berekening en toepassing
Elektroniese Komponente Basiese elektroniese komponente en hoe dit werk	Enkelfase Transformators Induksie, die werking van transformators en transformator tipes	Driefase Motors en Aansitters Werkbeginsel, toetsing en inwerkingstelling as ook aansitters
Huishoudelike Installasies Huisbedrading van die verskaffer tot die verbruiker insluitend sokke en huishoudelike toestelle	RLC Die effek van WS op RLC Seriekringe	Programmable Logiese Beheerders(PLB) Motorbeheer mbv PLB beheerders and verstelbare spoed beheerders.
Beginsels van Magnetisme Die beginsels van magnetisme en verwante wette	Beheertoestelle Motorbeheer en Programmeerbare Logiese Beheer.	
	Enkelfase motors Die universele motor, splitfase motor en toepassing	
	Kragbronne GS Kragbronne, halfgeleiers, die Zener Diode, gelykrioting en regulering van spanning mbv 'n transistor.	

Elektronika		
Graad 10 Onderwerpe	Graad 11 Onderwerpe	Graad 12 Onderwerpe
Beroepsveiligheid en Gesondheid Verantwoordelikhede, Werkwinkelreëls en Prosedures	Beroepsveiligheid en Gesondheid Bekendstelling van die Beroepsveiligheidswet(BVW), Masjinerie Regulasies en Elektriese Masjinerie Regulasies	Beroepsveiligheid en Gesondheid Die gevolge van die BVW, risiko assessering, menseregte in die werksplek, werksetiek en noodgevalle.
Gereedskap en Meetinstrumente Gereedskap en hoe om dit te gebruik	Gereedskap en Meetinstrumente Meetinstrumente en hoe om dit te gebruik	RLC Die effek van WS op RLC in Servie en Parallele kringe
Basiese Beginsels van Elektrisiteit Bekendstelling van elektrisiteit as die kern van die vak	Golfvorme Bekendstelling van golfvorme, pulstegniek en golfvorming as 'n benadering in Elektronika	Halfgeleiertoestelle Bekendstelling van die VET, EVT, Darlington, 741 Opversterker en 555 tydskakelaar.
Energiebronne Basiese energiebronne asook die battery en werking daarvan	RLC Die effek van WS op RLC Seriekringe	Skakelkringe Elektroniese skakelkringe met behulp van die 555 tydskakelaar en 742 Opversterker.
Elektroniese Komponente Basiese elektroniese komponente en hoe dit werk	Halfgeleiertoestelle Bekendstelling van komponente en vastestaat toestelle	Versterkers Werksbeginsel en toepassing van diskrete komponent versterkers en ossillators
Logika Boole algebra en basies Logikahekke asook die toepassings daarvan	Kragbronne Werksbeginsel van liniëre kragbronne, serie en sjunt regulering	
Kommunikasiestelsels Basiese kommunikasiestelsel beginsels, antenna stelsels asook modulاسie	Versterkers Werksbeginsel en toepassing van transistor versterkers	
Beginsels van Magnetisme Die beginsels van magnetisme en verwante wette	Sensors en omsetters Sensors en omsetters as die koppelvlak tussen werklike kondisies en elektroniese kringe	
	Kommunikasiestelsels Ingestemde kringe, senders en ontvangers en die werksbeginsel daarvan	

Digitale Elektronika		
Graad 10 Onderwerpe	Graad 11 Onderwerpe	Graad 12 Onderwerpe
Beroepsveiligheid en Gesondheid Verantwoordelikhede, Werkwinkelreëls en Prosedures	Beroepsveiligheid en Gesondheid Introducing the OHS Act, Machinery Regulations and Elektries Machinery Regulations	Beroepsveiligheid en Gesondheid Die gevolge van die BVW, risiko assessering, menseregte in die werksplek, werksetiek en noodgevalle.
Gereedskap en Meetinstrumente Gereedskap en hoe om dit te gebruik	Gereedskap en Meetinstrumente Meetinstrumente en hoe om dit te gebruik	Halfgeleiertoestelle Bekendstelling van Geïntegreerde Stroombane, die 741 Op-Versterker en 555 tydskakelaar
Basiese Beginsels van Elektrisiteit Bekendstelling van elektrisiteit as die kern van die vak	Golfvorme Bekendstelling van golfvorme, pulstegniek en golfvorming as 'n benadering in Elektronika	Skakelkringe Elektroniese skakelkringe met behulp van die 555 tydskakelaar en 742 Op-versterker.
Energiebronne Basiese energiebronne asook die battery en werking daarvan	RLC Die effek van WS op RLC Seriekringe	Digitale and Sekwensiële Toestelle Kodeerders en de-kodeerders beginsels van kombinasiekringe sonder enige geheue. Geheuebeginsels, optellers en registers
Elektroniese Komponente Basiese elektroniese komponente en hoe dit werk	Halfgeleiertoestelle Bekendstelling van komponente en vastestaat toestelle	Microbeheerders Geskiedenis van mikrobeheerders, hardware, sagteware, PICAXE met Logicator as 'n benadering tot programmering
Logika Boole algebra en basies Logikahekke asook die toepassings daarvan	Logika Boole Algebra, Karnaughkaarte, Logika voelpe, RTL, TTL en Logika GS'e	
Kommunikasiestelsels Basiese kommunikasiestelsel beginsels, antenna stelsels asook modulاسية	Kragbronne Werksbeginsel van liniëre kragbronne, serie en sjunt regulering	
Beginsels van Magnetisme Die beginsels van magnetisme en verwante wette	Sensors en omsetters Sensors en omsetters as die koppelvlak tussen werklike kondisies en elektroniese kringe	
	Kommunikasiestelsels Ingestemde kringe, senders en ontvangers en die werksbeginsel daarvan	

3.1 Inhoudsraamwerk per kwartaal: Elektries

3.1.1 Elektries: Graad 10

Elektries Graad 10: Kwartaal 1		
WEEK	Onderwerp	INHOUD
1	Beroepsveiligheid en Gesondheid	<p>Verantwoordelikhede</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wat is jou regte in die werkwinkel? • Wat is jou verantwoordelikhede in die werkwinkel? <p>Algemene Werkwinkel Reëls</p> <ul style="list-style-type: none"> • Huishouding (Gesondheids risiko, veiligheidsrisiko, werkwinkel uitleg, werkwinkelbestuur) <p>Werkwinkelveiligheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Onveilige handeling • Onveilige toestande • Loopvlakke(kleurkode) stoorareas, ander toegewysde areas • Informasie en veiligheidstekens • Tekens in die werkwinkel <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Informasie Tekens <input type="checkbox"/> Veiligheidstekens <input type="checkbox"/> Verbodtekens <input type="checkbox"/> Brandveiligheidstekens <input type="checkbox"/> Regulasietekens <p>Nota: Maak die werkwinkel weekliks skoon</p> <p>Noodprosedures</p> <ul style="list-style-type: none"> • Plasing van die hoofskakelaar • Kritiese teenoor nie-kritiese noodgevalle • Mediese noodgevalle • Elektriese skok prosedures • Ontruimingsprosedures • Beginsels van brandbestryding <p>Prakties: Voer 'n noodontruimingsoefening vir die werkwinkel uit</p>

Elektries Graad 10: Kwartaal 1		
WEEK	Onderwerp	INHOUD
2		<p>Basiese Noodhulp</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wat is MIV/VIGS en aansteeklike siektes? • Hoe word siektes oorgedra? • Wat om te doen wanneer iemand bloei • Wat om te doen wanneer iemand gebrand is • Wat om te doen in geval van elektriese skok • Hoe om KPR toe te pas <p>Prakties: Doen 'n noodhulpoefening (Kies 'n onderwerp in die Basiese Noodhulp afdeling)</p> <p>Chemiese Veiligheid (Gedrukte Stroombordvervaardiging)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Persoonlike Beskermings Toerusting • Hantering van Chemikalieë(Meng van chemikalieë, weggooi van chemikalieë en bytende chemikalieë) • Waar om met chemikalieë te werk (Ventilasie, Beligting en Toegewysde Areas) • Chemiese prosesse in GSB vervaardiging (Voorbereiding van GSB, ontwikkeling van die kringe, ets van die bord en bewaring van die bord) <p>Omgewingsoorwegings</p>
3	Gereedskap en Meetinstrumente	<p>Identifisering van die dele, funksies van dele, sorg, onderhoud, korrekte en veilige gebruik van die volgende instrumente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skroewedraaiers(Plat en Phillips) • Vyle (Plat, Vierkant, Rond, Driehoek en Halfronnd) • Kantsnytang • Lanbektang • Kombinasietang • Draadstroper • Nutsmes • Soldeerbout • Soldeerpomp (Soldeersuigtoestel) • Elektriese handboor / staanboor / GSB Boor (Dremel) • Ystersaag (Junior Ystersaag) • Broodbord (Protobord) • Draadtrekker (Fish Tape) • Buigveer

Elektries Graad 10: Kwartaal 1		
WEEK	Onderwerp	INHOUD
4		<p>Praktiese Vaardighede en Tegnieke (Hierdie vaardighede word in die week geoefen en deur die jaar vasgelê)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Veilige en korrekte gebruik van gereedskap(Kies ten minste 4 spesifieke gereedskapstukke waarvan die vaardighede geoefen word) • Inleidende soldeer/de-soldeering vaardighede <p>Inleidende Gedrukte Stroombaanbord vervaardigings vaardighede</p>
5		<p>Veilige Gebruik en Sorg van Instrumente (Hierdie vaardighede word in die week geoefen en deur die jaar vasgelê)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kontinuiteitstoetser • Analooq Multimeter (Fokus op demonstrasies) • Digitaale Multimeter • Megger / Isolasiweerstandtoetser • Die Ossilloskoop (Onderwyser stel die instrument op) <p>Prakties: Doen eenvoudige kontinuïteitstoetse met 'n multimeter.</p>
6	Basiese Beginsels van Elektrisiteit	<p>Atoomteorie</p> <ul style="list-style-type: none"> - Die teorie van stroomvloei (Elektronvloei teenoor konvensionele stroomvloei) - Weerstandseienskappe van verskillende materiale - Geleiers, Halfgeleiers en isolators - Wat is 'n geleier / halfgeleier / isolator? (2-3 voorbeelde van elk asook die eienskappe. Geen verdere teorie is nodig nie) - 'n Draad is 'n geleier, maar nie alle geleiers word van draad gemaak nie (Elektriese Veiligheid mbt skok) - Tipes materiale wat as geleiers gebruik word: koper, aluminium, goud, silwer, staal, nikkelchroomdraad) - Spesifieke Weerstand (Geen berekeninge)

Elektries Graad 10: Kwartaal 1		
WEEK	Onderwerp	INHOUD
7		<p>Die Weerstand</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wat is 'n weerstand? • Samestelling van 'n weerstand • Tipes weerstande • Toleransie (Aangeduide waarde teenoor gemete waarde) (2% en 5%) • Weerstandkleurkode (4 ben en 5 ben weerstande) • Drywing teenoor grootte(1/8W, 1/4W, 1/2W, 2W en 5W) • Weerstandsmeting • Waardeberekening van Weerstande • Potensiometer (Konstruksie, funksionele werking, simbole) • Reostaat (Verskil tussen 'n potensiometer en 'n reostaat (Konstruksie, funksionele werking, simbole)
8		<p>Ohm se Wet</p> <ul style="list-style-type: none"> - Ohm se Wet - Bevestig Ohm se Wet met berekening - Gee aandag aan voorvoegsels en eenheidsomskakelings <p>Seriekring as 'n Spanningsverdeler</p> <ul style="list-style-type: none"> - Kirchhoff se Spanningsverdeler - Weerstande in Serie <p>Parallelkring as 'n stroomverdeleler</p> <ul style="list-style-type: none"> - Kirchhoff se Stroomverdeler (kombinasiekring met berekening): - Weerstande in Parallel
9		<p>Serie / Parallelkringe</p> <ul style="list-style-type: none"> - Berekening op kombinasiekring bestaande uit: - 1 x Serie en 2 x Parallel - 2 x Serie en 2 x Parallel - 3 x Serie en 3 x Parallel <p>Prakties: Meet spanning en stroom in 'n Serie/Parallelkring</p> <ul style="list-style-type: none"> - 1 x Serie en 2 x Parallel - 2 x Serie en 2 x Parallel - 3 x Serie en 3 x Parallel
10		<p>Drywing</p> <ul style="list-style-type: none"> - Definisie van Drywing - Drywingsberekening <p>Prakties: Pas drywingsberekening toe op Serie / parallelkringe</p> <p>PAT Simulasies 1 & 2 voltooid</p>

Elektries Graad 10: Kwartaal 2

WEEK	Onderwerp	INHOUD
1	Energiebronne	<p>Energie</p> <ul style="list-style-type: none"> - Wat is energie? - Primêre bron van energie (Die Son) - Energiebronne (Wind, Son, Steenkool, Kernkrag, Geotermies, Hidro) - Energiebewing (Maniere waarop energie bewaar / gestoor kan word) <p>Die Elektriese Sel</p> <ul style="list-style-type: none"> - Die Voltaiëse Sel - Werking van die Voltaiëse Sel - Diagram van die sel - Voordele / Nadele <p>Primêre Selle vs. Sekondêre selle</p> <ul style="list-style-type: none"> - Loodsuurselle - Werksbeginsel - Basiese samestelling - Voordele / Nadele - Toepassings - Veiligheidsoorwegings - Lithium Ioon (Li-Ion) van Lithium Polimeer (Li-Po) Battery - Werksbeginsel - Basiese samestelling - Voordele / Nadele - Toepassings - Veiligheidsoorwegings

Elektries Graad 10: Kwartaal 2

WEEK	Onderwerp	INHOUD
2		<p>Alternatiewe Energie</p> <ul style="list-style-type: none"> - Sonsel / Fotovoltaïese Sel <ul style="list-style-type: none"> o Simbool o Basiese Werksbeginsel o Basiese samestelling / uiteensetting o Voordele / Nadele o Funksionele Toepassing ▪ Sonsel vs. Sonpaneel ▪ Opwekking van son elektrisiteit ▪ Redes vir die gebruik van reguleerders ▪ Redes vir die gebruik van batteryes saam met sonpanele ▪ Blokdiagram van 'n sonkragopwekkingstelsel vir huishoudelike gebruik <p>Potensiaalverskil (PV)</p> <ul style="list-style-type: none"> - Verstaan die konsep PV <p>Elektromotoriese Krag (EMK)</p> <ul style="list-style-type: none"> - Verstaan die konsep EMK - Verskil tussen EMK en PV <p>Interne Weerstand</p> <ul style="list-style-type: none"> - Wat is Interne Weerstand? - Voordele / Nadele van Interne Weerstand - Interne Weerstand berekeninge
3		<p>Kapasiteit en Drywing (VA)</p> <ul style="list-style-type: none"> - Begrip van die beginsel van spanningsval en stroomdreinerings weens oorbelasting - Bepaal hoe lank 'n battery 'n sekere stroom aan 'n las kan lewer - Berekeninge: Ampere Uur <p>Prakties: Bereken die Interne Weerstand van 'n Sel / Battery in serie met 'n weerstand</p> <p>Verbinding van Seller in Serie</p> <ul style="list-style-type: none"> - Spanning en stroom aanslag <p>Prakties: Verbind selle in serie om 'n battery te vorm. Meet die spanning en stroom</p> <p>Verbinding van Selle in Parallel</p> <ul style="list-style-type: none"> - Spanning en stroom aanslag - Veiligheidsoorwegings <p>Prakties: Verbind selle in parallel om die kapasiteit te verhoog. Meet die spanning en stroom oor verskillende lasse</p>

Elektries Graad 10: Kwartaal 2

WEEK	Onderwerp	INHOUD
4	Elektroniese Komponente	<p>Inleiding tot Elektroniese Komponente</p> <ul style="list-style-type: none"> - Wat is Elektroniese Komponente? - Doel van Elektroniese Komponente - Oorwegings wanneer Elektroniese Komponente verkry word <p>Tipes Komponente</p> <ul style="list-style-type: none"> - Skakelaar(Funksionele Werking, Simbole) - SPST, SPDT, DPST, DPDT - Draaiskakelaar - Glyskakelaar - Magnetiese skakelaars - Sleutelskakelaars - Toepassings en Prakties in eenvoudige kringe <p>Prakties: Identifiseer/toets / meet verskillende elektroniese komponente</p>
5		<p>Die Kapasitor</p> <ul style="list-style-type: none"> - Uiteensetting, samestelling, funksionele werking, simbole, kenkrommes en waardes - Basiese beginsels van electrostatiese lading: - Tydkonstante - Laaitempo en tydkonstante insluitend die golfvorme en berekeninge - Golfvorm - Toepassing van Kapasitors in GS (Voorbeelde van 'n vvlakkingskring en RC tydkonstante) - Kapasitors in serie - Kapasitors in parallel <p>Prakties: Berkening van lading:</p> <p>Prakties: Berekening van totale kapasitansie in serie (2, 3 en 4 Kapasitors)</p> <p>Prakties: Berekening van totale kapasitansie in parallel (2, 3 en 4 Kapasitors)</p> <p>Prakties: Laaieienskappe van die kapasitor. Sluit 'n tekening van die grafiek vanaf die data in</p>

Elektries Graad 10: Kwartaal 2

WEEK	Onderwerp	INHOUD
6		<p>Beskermingstoestelle</p> <ul style="list-style-type: none"> - Vinnig en Stadig smelt sekerings <ul style="list-style-type: none"> o Basiese werksbeginsel o Samestelling en dele o Toetsing <p>Diode</p> <ul style="list-style-type: none"> - Simbool - Diode as 'n gepolariseerde komponent - Meevoorspanning (Slegs Konsep) - Teenvoorspanning (Slegs Konsep) - Stroomvloei deur die diode - Spanningsval oor die diode - Toepassing as 'n gelykrichter <p>LUD(Lig Uitstralende Diode)</p> <ul style="list-style-type: none"> - Simbool - LUD as 'n gepolariseerde komponent - Meevoorspanning (Slegs Konsep) - Teenvoorspanning (Slegs Konsep) - Stroomvloei deur die diode - Spanningsval oor die LUD - Die Serie Weerstand
7		<p>Prakties: Toets die diode en LUD vir korrekte werekine en polariteit mbv 'n multimeter</p> <p>Prakties: Bereken die waarde van die serieweerstand wat benodig word om die LUD te beskerm. Toets die kring op 'n broodbord met die berekende waardes.</p> <p>Prakties: Bou 'n halfgelykrichter met 'n diode en 50Hz toevoer – Vertoon op die ossilloskoop</p> <p>Prakties: Bou 'n volgelykrichter met 'n diodebrug (4 diodes / 2 diodes) en 'n 50Hz toevoer – Veroon op die ossilloskoop</p>
8 – 10	Hersiening en Halfjaar Eksamens	PAT Simulasie 3 voltooid

Elektries Graad 10: Kwartaal 3

WEEK	Onderwerp	INHOUD
